

Sondag 14 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:1-4

Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:3; HK Sondag 21, Antwoord 55

Die gemeenskap met Christus

Op verskillende plekke in die Skrif word aan ons voorgelê dat die gelowiges 'n besondere band met Christus het en hoe dit funksioneer. In Johannes 15 word dit verduidelik met die band tussen die wingerdstok en die lote. In 1 Korintiërs 12 word dit weer met die band tussen die verskillende liggaamsdele en die kop vergelyk. In 1 Johannes 1:3 sê Johannes dat ons gemeenskap met mekaar in ons gemeenskap met die Vader deur Christus veranker is. In die gemeenskap met Christus kry die gelowiges hulle krag. Hy is die bron van ons geloof, hoop en liefde.

Die gemeenskap met Christus is wel iets wat ons uit genade besit, maar aan die ander kant is dit ook weer iets wat bo alles gesoek moet word. Dit is wat Paulus bedoel as hy aan Timoteus skryf: “Oefen jou om in toewyding aan God te lewe” (1 Tim. 4:7). Gedurig moet ons kontak soek met Hom, die kragbron van ons lewe. Uit Hom ontvang die hele kerk as sy liggaam sy goddelike groeikrag (Kol. 2:19). Hierdie gemeenskapsoefening met Christus is egter nie iets geheimsinnig nie. Dit bestaan gewoon daarin dat ons gesprek voer met Christus. Ons praat met Hom in ons gebede en Hy praat met ons deur sy Woord. As ons met ons probleme na Hom toe gaan in die gebed, antwoord Hy ons deur sy Woord – tuis of in die kerk of deur 'n sinsnede uit die Bybel wat die Heilige Gees op die regte tyd in ons gedagtes laat opkom. Deur sy Woord vertrou en versterk Hy ons. So word deur ons gebede en sy antwoorde die gemeenskap met Christus beoefen. Daarom is dit ons roeping om hierdie gemeenskap met Christus voortdurend te beoefen: ons moet volhardend bid; ons moet die Skrif ondersoek en leer ken, ons moet eredienste gereeld bywoon. Die Kategismus gaan egter verder en sê dat ons nie net met Christus gemeenskap het nie, maar dat ons ook aan al sy skatte en gawes deel het. Watter wonderlike skatte en gawes is dit nie! Dink daarvoor na: die verge-wing van sondes; die verlossing van die ewige straf; die troosvolle werking van die Heilige Gees. Wie sal ooit die rykdom van al hierdie skatte en gawes kan bepaal? Tog kry ons dit verniet – as ons deur die geloof aan Christus gebind is. Dit is hierdie gemeenskaplike band met Christus en al sy skatte en gawes wat die gelowiges aan mekaar bind.